**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Appèl Nr. : A113/2004**

In die appèl tussen:

**BONGANI JAMES NGIZWANE** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** VAN COPPENHAGEN R *et* H.M. MUSI R *et* KRUGER R

---

**AANGEHOOR OP:** 8 AUGUSTUS 2005

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN COPPENHAGEN R

---

**GELEWER OP:** 25 AUGUSTUS 2005

---

[1] Die appellant, 'n 30 jarige, getroude man, die vader van 'n 4 jarige kind en 'n straat-groentesmous, het in die streekhof tereggestaan op 'n klagte van verkragting.

In die klagstaat word beweer dat hy op 12 Mei 2001 te Namahadi distrik Witsieshoek ene Dhlamini 'n 22 jarige vrou

verkrag het.

Appellant het op die klagte hom ten laste gelê onskuldig gepleit en was in die verhoor verteenwoordig deur 'n regsverteenwoordiger.

Hy was na 'n lang verhoor op 7 Desember 2001 skuldig bevind op die ten laste gelegde misdaad, verkragting.

[2] Die streekhof wat appellant skuldig bevind het was egter, vanweë die feit dat die klaagster deur appellant en 'n ander verkrag was, nie bevoegd om die voorgeskrewe vonnis, lewenslange gevangenisstraf, op te lê nie. Die saak was dus ingevolge die bepalings van artikel 52(1)(b) van Wet 105 van 1997 na die Hooggeregshof verwys.

[3] Op 26 Julie 2002 het Cillié R, na deurlesing van die notule van die verrigtinge en die landdros se uitspraak en redes daarvoor bevind dat die skuldigbevinding gegrond was en was die skuldigbevinding deur hom geboekstaaf.

Op dieselfde datum was die appellant tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis.

[4] Appellant se aansoek om verlof tot appèl was slegs suksesvol wat die opgelegde vonnis betref. Hy was gevolglik op 6 Februarie 2004 verlof verleen om teen die opgelegde vonnis te appelleer.

[5] Dit is nou reeds algemene kennis dat ‘n persoon wat een van meerdere verkragters is ingevolge die bepalings van artikel 51 van Wet 105 van 1997, tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis moet word tensy wesenlike en dwingende omstandighede ‘n ligter vonnis regverdig.

Cillié R het bevind dat op grond van die besonderhede voor hom hy nie kan bevind dat die omstandighede ‘n ligter as die voorgeskrewe vonnis regverdig nie, vandaar die opgelegde vonnis.

[6] Die dwingende rede waarom die hof *a quo* nie wesenlike en dwingende omstandighede wat ‘n ligter vonnis as die voorgeskrewe bevind het nie, word deur die geleerde Regter self verwoord:

> “Vanweë die feit dat die klaagster nie in die gebeure ernstig beseer is nie, sou ek in ander omstandighede wel gehoor daaraan gegee het om vir u ‘n mindere vonnis op te lê as die voorgeskrewe vonnis van lewenslange gevangenisstraf as dit nie was vir hierdie vorige veroordeling vir verkragting wat u reeds opgeloop het nie. .......”

[7] Die gebeure agterliggend tot die klagte en skuldigbevinding aldus die 23 jarige klaagster vereenvoudig saamgevat, is as volg.

Klaagster en drie vriende het die betrokke aand om

ongeveer 21h00 ‘n taverne besoek waar hulle drank geniet het. Die natuur het sy deel bygedra en terwyl klaagster besig was om haar in helder lig ongeveer 2 – 3 meter vanaf die gebou te verlig, het die appellant en ‘n ander haar gegryp en in die halfnaakte toestand waarin sy was, na die agterkant van die gebou getrek waar hulle haar om die beurt verkrag het. Tydens die verkragting het sy ‘n snywond op haar knie, oor die presiese wyse waarop dit toegedien was, was nie sekerheid verkry nie, opgedoen.

[8] Uit die voorafgaande is dit minstens duidelik dat die verkragting wat die wyse daarvan betref nie as ‘n ernstige aantasting aangemerk kan word nie. Voormelde feit alleen is skynbaar volgens die Hoogste Hof van Appèl reeds aanduidend vir ‘n ligter vonnis as die voorgeskrewe lewenslange gevangenisstraf. Dit is te begrype dat die hof *a quo* dus as dit nie was vir die vorige veroordeling nie, ‘n ligter vonnis sou oplê.

[9] Die vorige veroordeling wat deurslaggewend was vir die

oplegging van die voorgeskrewe minimum vonnis was egter anders as wat die hof *a quo* bevind het nie verkragting nie maar bloot 'n poging daartoe. In gemelde opsig het die hof *a quo* dus misgetas en behoort om gemelde rede 'n ander vonnis as die opgelegde vonnis oorweeg te word.

[10] 'n Vonnis van 15 jaar vanweë die omstandighede en faktore heersend in die onderhawige saak doen as aangewese voor en was dan ook aldus gesuggereer deur sowel die Direkteur van Openbare Vervolging as die advokaat wat namens die appellant opgetree het.

Die volgende bevel word gemaak:

1. Die appèl teen die vonnis slaag.

2. Die opgelegde vonnis word vervang met die volgende:

   15 jaar gevangenisstraf.

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

Ek stem saam.

**H.M. MUSI, R**

Ek stem saam.

**A. KRUGER, R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Mnr. R.J. Nkhahle<br>In opdrag van:<br>Regshulpraad<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. M. Strauss<br>In opdrag van:<br>Direkteur : Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/sp